

Boekaankondiging

Fritz Ponelis. **Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie.**
Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. Annale 1998(1)1-80.

In hierdie boek word die variëteit van Afrikaans wat hier Standaardafrikaans of die Afrikaanse kultuurtaal sal heet, gekontekstualiseer ten opsigte van sy verhouding tot die ander variëteite in die Afrikaanse taalfamilie, sy sosiale rol en sy geskiedenis.

Weens die kontak – besonderlik met Engels – beskik Afrikaanssprekendes oor 'n saamgestelde taalrepertorium waarin naas Standaardafrikaans en verskeie variëteite van Afrikaans ook Engels deel vorm. Binne hierdie repertorium is die invloed van Engels, veral op die Afrikaanse omgangstaal, so enorm dat dié variëteite dreig om hulle selfstandigheid ten opsigte van Engels te verloor.

'n Standaardtaal kom tot stand deur 'n proses wat kultivering heet. Kultivering word ideologies aangedryf, en die kultivering van Afrikaans is ingebed in Afrikanernasionalisme. Die apartheidsbeleid het dwarsdeur die Afrikaanse taalgemeenskap heen gesny. Die mate waarin Afrikaans in die algemeen en Standaardafrikaans in die besonder deur hierdie ideologie gekompromitteer is, word nog nie ten voile besef nie. Dit is waar dat die afskaling van die Afrikaanse kultuurtaal, veral in die openbare sektor, na 1994 kommerwekkend is, maar dan moet ook wel deeglik rekening gehou word met dekadelange Afrikanernasionalistiese misbruik van Afrikaans en van Afrikaanssprekendes.

Die vinnige en omvattende ontwikkeling van Standaarafrikaans is 'n prestasie wat nie net die Afrikaanse taalgemeenskap nie, maar die hele land tot voordeel strek. Standaardafrikaans bemagtig: dit bied toegang tot modernisering, en as sodanig is Standaardafrikaans 'n nasionale bate. In die volgende dekade of twee gaan die bevrydende potensiaal van die nuwe demokratiese bestel vir die ontwikkeling van hierdie belangrike bate groot eise aan Afrikaanssprekendes stel. Onder andere sal instellings behou en geskep moet word waarin Standaardafrikaans kan bly groei en as bemagtigingsmiddel naas onder andere Engels aan die samelewing in die geheel beskikbaar gestel kan word.